HOE MAAK EK DIT AS EK VOEL EK MAAK DIT NIE

In 1992 skryf Bill Berry, die tromspeler van n bekende rock orkes n liedjie oor “wat is die sin en betekenis van alles in die lewe”. Berry was nie juis bekend as liedjieskrywer nie en daarom was dit oorspronklink maar ongeveer EEN minuut lank met n kemerkende HARTSEER melodie.

Michael Stipe en ander lede van die orkes moes hard daaraan werk en na vier verskillende probeerslae stel REM in 1993 een van hulle grootste treffers bekend.

EVERYBODY HURTS word een van die gewildste treffers ooit.

Die vraag is hoekom? Vereenselwig ons onsself met SEER?

KRISISSE mis niemand; Oorgange, Veranderinge, Ingrypend in ons lewe. Dalk klein, maar “ALMAL KRY SEER”; Ons almal gaan daar deur.

Hoewel baie hartseer en droewig het die liedjie presies die teenoorgestelde bereik - n baie sterk positiewe boodskap met woorde wat deurentyd herhaal word!

“Hold on! Hold on! Never give up! You are not alone!”

“HOE MAAK EK DIT AS EK VOEL EK MAAK DIT NIE!”

Hoe behoort ons as gelowiges oor krisisse te dink?

2 Kor 1: 7-10

Ons almal het n vaste verwagting. Ons weet dat net soos julle saam met ons deel het aan die lyding, julle ook aan die bemoediging deel het. Ons vertrou nie op onsself nie maar op GOD. Dit is HY wat ons uit doodsgevaar gered het en weer sal red. Op HOM is ons hoop gevestig. HY SAL ons ook verder red!.

Twee dinge staan duidelik uit die teksvers:

Eerstens, Ons moet almal n **VERWAGTING** he! Rom 8: 28 “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir DIE wat HOM liefhet.”

Tweedens moet ons **OORTUIGINGS** he - Iets wat vasstaan! Iets wat my anker!

Deur Oefening en Kondisionering moet ek elke dag **OORTUIG** wees van:!

> **EK IS NOOIT ALLEEN NIE –** Rom 8:31 “God is vir ons, wie kan dan teen ons wees.”
>
> **GOD BLY GOED –** Matt 7:1 “Vra en vir julle sal gegee word; Klop en vir julle sal oopgemaak word.”

WORD EEN MET GOD – Ps 1: “Dit gaan goed met die mens wat in die woord van die Here sy vreugde vind

Horatio Spafford, was n suksesvolle prokureur en sakeman in Chicago met n gelukkige gesin: Sy vrou Anna en hulle vyf kinders. Hulle was egter geen vreemdelinge aan trane en tragedie nie.

Sy jongste seun sterf in 1871 aan longontsteking en gedurende dieselfde jaar verloor hy baie van sy besighede in die groot Chicago brand.

In November 1873 vertrek sy vrou en vier dogters saam met 308 passasiers met n passasierskip na Europa. Vier dae later bots die skip met n Skotse vragskip en binne 12 minute verdwyn die passasierskip onder die water met 226 passasiers insluitend die vier dogters.

Horatio se vrou word gered waar sy aan n stuk van die wrak vasklou. Nege dae later bereik hulle Cardiff in Wallis vanwaar sy n telegram aan haar man stuur met die woorde: “Alleen gered. Wat moet ek doen?”

Horatio klim op die eerste beskikbare skip oppad na sy vrou. Vier dae later roep die kaptein hom na sy kajuit en se dat hulle ongeveer op dieselfde plek is waar sy dogters gesterf het.

Daar word vertel dat Horatio op hierdie reis die volgende met VASTE OORTUIGING geskryf het:

“When peace like a river attendeth my way.

When sorrows like sea billows roll

Whatever my lot, Thou hast taught me to say.

It is well, It is well with my soul.

LAAT ONS BID:

Here gee ons die oortuiging om vas te GLO en VERTROU

Ek is nooit alleen nie, God is goed, Ek is een met God.

Gee ons die oortuiging om te kan se

Dit is goed met my siel.

AMEN